FEBA SUID-AFRIKA

# MAANDELIKSE E-GEBEDSFOKUS




## JANUARIE 2025

**Woensdag 1 Januarie:** "Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus." (Filippense 4:6-7 Afr83)

**Donderdag 2 Januarie:** Die nuwe jaar bring nuwe geleenthede om die Goeie Nuus te versprei. Prys God dat Hy aan Sy kinders die Boodskap toevertrou het wat hoop en lig bring! Bid dat FEBA se leiers en hulle spanne elke geleentheid met wysheid sal benut en dat God se vrede oor hul harte en gedagtes sal wag hou.

**Vrydag 3 Januarie:** Baie FEBA-spanne het gedurende Desember veldtogte gevoer om mense die ware betekenis van Kersfees te leer. Dié veldtogte het miljoene mense bereik, waarvan baie nog nooit van Christus gehoor het nie. Bid dat die saadjies wat FEBA gesaai het sal aanhou groei en vrug dra, sodat meer deure vir die Goeie Nuus kan oopmaak.

**Saterdag & Sondag 4-5 Januarie:** Het jy geweet? 4 Januarie is Wêreld Braille-dag! Die Bybel is in braille beskikbaar, maar dis duur en reusagtig groot, wat dit moeilik maak om 'n hele Bybel saam met jou te dra. FEBA se bediening verbind dekades lank reeds gesiggestremdes met God se Woord, deur radio en oudio-Bybels te gebruik om mense te bereik wat nie 'n gewone Bybel kan lees of 'n braille-weergawe kan bekostig nie. Bid dat elke FEBA-uitsending gesiggestremde luisteraars sal seën en hulle nader aan God sal bring.

---

**Maandag 6 Januarie:** FEBA Viëtnam werk saam met die Viëtnamese Bybelgenootskap vir Dowes om gebaretaal-interpretasies vir video's te skep, sodat die land se Dowe-gemeenskap van God se liefde kan leer. Bid dat FEBA Viëtnam sal voortgaan met hierdie vennootskap en bediening, en bid dat God soortgelyke geleenthede sal voorsien om Dowe mense in ander lande te bereik.

**Dinsdag 7 Januarie:** "Ek is oud en ondervind probleme met my sig, so ek kan nie goed lees nie. Toe ek egter 'n mp3-speler ontvang, kon ek lank aaneen na die Bybel luister sonder dat my oë moeg raak. Ek wil vir almal baie dankie sê dat hulle vir my hierdie mp3-speler gegee het." (FEBA-luisteraar in Thailand)

**Woensdag 8 Januarie:** "Ek self gee jou die opdrag. Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan." (Joshua 1:9 Afr83)

**Donderdag 9 Januarie:** In Laos is dit onwettig om 'n Christen te wees, en gelowiges word vervolg. FEBA saai reeds dekades lank uit na Laos via kortgolf en honderde duisende mense het al tot bekering gekom. Vandag word sommige luisteraars selfs pastore, ten spyte van die gevaar. Bid dat FEBA-luisteraars in Laos sterk en vasberade sal wees en bewus sal bly van God se teenwoordigheid.

**Vrydag 10 Januarie:** Prys God vir FEBA se groeiende bediening in Indonesië, die land met die grootste Moslembevolking ter wêreld! FEBA Indonesië saai tans sy bekroonde programme uit op 141 radiostasies en skep hoë-kwaliteit inhoud vir aanlynplatforms wat 'n jonger gehoor bereik. Bid dat God die span sal seën met energie en nuwe idees om die evangelie te verkondig.

**Saterdag & Sondag 11-12 Januarie:** Toegang tot die Goeie Nuus is 'n voorreg wat baie mense ontneem word. Ten spyte van godsdiensvryheid en vrye toegang tot inligting het miljoene Japannese die evangelie nog nie 'n enkele keer gehoor nie. Tog is daar 'n groot behoefte aan God se liefde en genade in Japan, waar meer en meer mense aan geestesteurings ly en baie hul uit die samelewing onttrek om alleen in 'n kamer te bly. Bid dat God FEBA Japan die wysheid en krag sal gee om elke geleentheid vir evangelisasie te benut.

---

**Maandag 13 Januarie:** Prys God vir FEBA Korea se kragtige radiostasie wat die Goeie Nuus na luisteraars in Noord-Korea uitsaai! Die programme word vervaardig en aangebied deur Noord-Koreaanse oorlopers, wat die evangelie deel op 'n manier wat hul gehoor kan verstaan. Bid dat elke FEBA-uitsending na Noord-Korea saadjies van geloof en hoop in luisteraars se harte sal plant.

**Dinsdag 14 Januarie:** "Ek luister die afgelope vier jaar na julle programme [en] ek is nou 'n nuwe mens. Julle programme laat my toe om God en myself beter te leer ken en moedig my aan om God se Woord prakties toe te pas. Ek is al vir baie jare siek...so ek het aangehou om na FEBA te luister en Jesus het my beste vriend geword." (FEBA-luisteraar in China)

**Woensdag 15 Januarie:** "Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo. Dit kom van die Vader wat die hemelligte geskep het, maar wat self nie soos hulle verander of verduister nie." (Jakobus 1:17 Afr83)

**Donderdag 16 Januarie:** FEBA Korea saai die evangelie op 13 FM-stasies reg oor Suid-Korea uit, en buiten nuwe gelowiges, vind baie mense hul weg terug na Christus. Bid vir God se seën op FEBA Korea se programme en prys Hom vir Sy genade, wat verlore skape toelaat om terug te keer na Hom toe.

**Vrydag 17 Januarie:** Die grootste deel van Kirgisië se samelewing volg Islam en staan Christendom teë. Vroue steek dikwels hul Christelike geloof vir hul mans weg uit vrees vir mishandeling, en gesinslede draai teen mekaar wanneer een 'n Christen word. Bid dat elke Kirgisiese gelowige krag uit God se teenwoordigheid sal put en 'n gemeenskap deur FEBA Kirgisië se uitsendings sal vind.

**Saterdag & Sondag 18-19 Januarie:** In Kazakstan is dit onwettig om die Goeie Nuus openlik te verkondig. Dit is waarom FEBA Kazakstan versigtig moet wees om Jesus nie by name te noem in hul aanlynuitsendings of op sosiale media nie. Ten spyte van hierdie beperking bereik FEBA Kazakstan duisende mense deur moeite te doen wanneer iemand hulle privaat kontak. Op hierdie manier het sommige van hul kwaaiste teenstanders al in hul vurigste ondersteuners en mede-sendelinge verander! Bid dat God FEBA Kazakstan sal lei in hul hantering van amptelike en kulturele teenstand teen die evangelie.

---

**Maandag 20 Januarie:** Van FEBA Thailand se Thru the Bible-program en FEBA se Bybel-korrespondensiekursusse in Afrika en Asië, tot FEBA Indonesië se Bybelstudie-program vir kinders, werk FEBA onverpoosd voort om God se Woord toeganklik vir mense te maak. Prys God vir die ondernemingsgees en vaardighede van hulle wat die programme skep en bid dat hul harde werk langdurige resultate sal lewer.

**Dinsdag 21 Januarie:** "FEBA se Bybel-korrespondensiekursus het my 'n beter begrip van God, en van my eie sonde gegee. Ek het uiteindelik my hart vir Jesus Christus oopgemaak...en my gedagtes het kalmeer. Hy kon my hele lewe verander, beide fisies en geestelik. Vandag leef ek in geloof en vertrou met my hele hart en siel in Hom. Ek het Jesus lief." (FEBA-luisteraar in 'n Thai-gevangenis)

**Woensdag 22 Januarie:** "Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met my eie hand red Ek jou." (Jesaja 41:10 Afr83)

**Donderdag 23 Januarie:** Bid vir FEBA Pakistan en sy luisteraars, wat dikwels vir hulle geloof vervolg word. Bid dat hulle nie sal vrees nie maar God se hand sal vashou en Hom sal vertrou wanneer hulle die Goeie Nuus met vrymoedigheid verkondig. Bid ook dat die studente in FEBA Pakistan se digitale media internskapprojek God gedurende hul studies sal leer ken.

**Vrydag 24 Januarie:** Het jy geweet? Vandag is Internasionale Onderwysdag. FEBA is passievol daaroor om jong luisteraars oor God se Woord te onderrig en moedig hulle nie net aan om skool te voltooi nie, maar om uitnemendheid na te streef. Bid dat die saadjies van FEBA se opvoedkundige programme op vrugbare grond sal val en tot uitnemendheid sal lei.

**Saterdag & Sondag 25-26 Januarie:** Ongeletterdheid is 'n groot probleem in Afrika. Tussen 60 en 70% van mense ouer as 15 in Niger, Mali en Tsjad is ongeletterd, wat gedrukte Bybels vir hulle ontoeganklik maak. Gelukkig is ongeletterdheid geen struikelblok vir radio nie en miljoene het hul lewens al aan Christus gegee sonder om 'n woord te lees. Oudio-Bybels voorsien ook God se Woord, met gepaardgaande lesse wat die teks verduidelik. Prys God dat Hy Sy Woord, deur radio, aan ongeletterde mense beskikbaar stel, en bid vir Sy voortdurende seën op FEBA se bediening in Afrika.

---

**Maandag 27 Januarie:** Niger, Tsjad en Mali is oorwegend Moslemlande waar die Goeie Nuus nie altyd welkom is nie. Ten spyte van baie struikelblokke verkondig FEBA se spanne die evangelie met vrymoedigheid, wat luisteraars se lewens verander. Bid dat elke FEBA-spanlid in Niger, Tsjad en Mali na aan God sal wandel en veiligheid in Sy teenwoordigheid sal vind.

**Dinsdag 28 Januarie:** "Ek het danksy KanuYah FM tot bekering gekom. Al het ek daarna nie 'n Bybel of pastoor gehad nie, kon ek baie van die Bybel leer deur na KanuYah FM te luister. Ek hoop regtig ek sal 'n goeie man en pa wees wanneer ek trou en kinders het." (FEBA-luisteraar in Mali)

**Woensdag 29 Januarie:** "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word." (Johannes 3:16-17 Afr83)

**Donderdag 30 Januarie:** Prys God vir dinamiese leiers en vrugdraende bedienings in Malawi en Mosambiek. FEBA Malawi het byna 20,000 geregistreerde luisteraarklubs, terwyl FEBA Mosambiek die Goeie Nuus op sewe radiostasies uitsaai. Albei spanne het aansienlike uitdagings wat spruit uit armoede, klimaatverandering en terrorisme. Bid vir voorsiening en vir God se hand van bewaring oor FEBA in Malawi en Mosambiek.

**Vrydag 31 Januarie:** Om 'n radiostasie te bou verg baie voorbereiding en logistieke beplanning, veral in 'n plek soos die Nuba-berge! Bid vir God se wysheid tydens die beplanning, en vir Sy krag in die uitvoer van daardie planne, sodat FEBA Soedan kan begin om Christus na die Soedannese mense te neem, deur media.




+27 12 335 5708 info@febaradio.co.za www.febaradio.co.za
+27 81 265 4801 FEBARadioSA feba_radio_sa